Hallo

Voor ons met volgende jaar se beplanning begin, is dit vir die kerkraad baie belangrik om soveel as moontlik lidmate se mening te hoor. Help ons asseblief deur die volgende Erediens en Diensbaarheid vraelys te voltooi. U kan dit in die voorportaal in die houers daarvoor voorsien gooi of dit ingee by die kerkkantoor of dit terugstuur na die kerkkantoor by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za. Die vraelys is ook beskikbaar op die gemeente se webblad. Die vraelys moet voor of op Woensdag 24 Julie 2024 ingehandig wees.

Naam en van: .....

Sel nommer: .....
Vul asseblief jou naam, van en kontakbesonderhede in sodat ons jou kan kontak met meer inligting oor die bediening waar jy wil betrokke wees.

<u>Erediens Vraelys</u>
Oggenddienste
Die 52 Sondagoggend eredienste in 2024 is soos volg ingedeel:
17 gesamentlike eredienste om 09:00 in die vakansie en oor langnaweke. By hierdie dienste word die orrel meestal vir begeleiding gebruik.
10 spesiale gesamentlike eredienste om 09:00 by Nagmaal, Belydenisaflegging, Kerssangdienste, Gemeenteverjaarsdag en Pinksterdag waar die band en orrel mekaar afwissel in een erediens.
25 eredienste waar ons om 08:30 ‘n Eietydse diens het met die “band” en om 10:00 ‘n Klassieke diens het met die orrel.

Help ons asseblief met die erediens beplanning vir 2025 deur jou keuse te merk. Elke persoon moet net een keuse merk.

	Ek is gelukkig met die indeling van die eredienste soos dit tans gedoen word.
	Ek verkies meer gesamentlike dienste om 09:00 waar die band en orrel mekaar in een diens afwissel. Sommige liedere word deur die band begelei en ander deur die orrel.
	Ek verkies meer gesamentlike dienste om 09:00 waar die band een Sondag speel en die orrel die volgende Sondag.
	Ek verkies meer afsonderlike dienste met die band om 08:30 en die orrel om 10:00

Aanddiens

Het jy behoefte aan ‘n erediens op ‘n Sondagaand?

JA	**NEE**

Indien ja, is daar enige aanbevelings wat jy oor die formaat van so ‘n aanddiens wil maak?

_____

_____

_____

Diensbaarheid Vraelys

Die Here bring verskillende mense met verskillende gawes bymekaar om sy een liggaam, met Hom as hoof, te vorm.(1 Korintiërs 12) Elkeen van ons het ‘n Godgegewe plek, gawe/s en ‘n taak in die gemeente. Hoe meer mense uit dankbaarheid diensbaar is, hoe meer effektief funksioneer die gemeente.
Ons is in die bevoorregte posisie om ‘n groeiende geloofgemeenskap te wees wat op vele terreine meer dienaars nodig het. Oorweeg asseblief biddend of jy by een van die volgende bedieninge wil betrokke raak. Ons sal met jou kontak maak met meer inligting oor die bediening.
Persone wat reeds by ‘n bediening betrokke is, hoef dit nie weer op die Diensbaarheid Vraelys aan te dui nie.

	Blokouderling. Hou kontak met lidmate in die blok. Werk saam met blokdiaken en dienswerkers in blok en woon kerkraad vergaderings vier maal per jaar by.
	Blokdiaken. Doen diens van Barmhartigheid. Verantwoordelik vir insamel en bestee van dankoffer. Doen diens by nagmaal. Werk saam met blokouderling, dienswerkers in blok en woon kerkraad vergaderings vier maal per jaar by.
	Dienswerker. ‘n Dienswerker dien in ‘n wyk waar hy/sy kontak hou met die lidmate in die wyk. ‘n Dienswerker dien ook as die wyk se skakelpersoon met die blokouderling, blokdiaken en die leraar. ‘n Dienswerker dien nie op die kerkraad nie. Daar is op die oomblik baie dienswerker vakatures.
	Mense wat voor die eietydse diens groet in die voorportaal.
	Hanteer van die regstreekse uitsending van die erediens.
	Bou van “powerpoint” aanbiedings, veral vir sang in eietydse diens.
	Hanteer van “powerpoint” aanbieding in die erediens.
	Hanteer van klank in die erediens.
	Musiekbediening. Speel van instrument of voorsang.
	Jeugbediening – Kleuterkerk, Kategese ens.
	Opneem en tel van dankoffers op ‘n Sondag.
	Tee/Koffie by begrafnisse.
	Selgroep
	Gemeente se digitale bediening – facebook, webblad

Enige ander plek waar jy graag betrokke wil wees:

_____

_____

Baie dankie
Die Kerkraad